

'N VERSORGER SE GIDS BY DIE MONDELIKSE TOEDIENING VAN MORFIEN TUIS

Mondelikse morfien is 'n sterk pynstiller wat toegedien word aan iemand met 'n hoë graad van pyn, wat beheer moet word.

Morfien moet altyd per **mond (mondeliks)** en **op tyd (gereeld, elke 4 uur)** toegedien word. Jou gesondheidswerker sal voorskryf hoeveel morfien jy moet gebruik. Maak seker dat jy die instruksies nougeset volg.

Hoeveel en hoe gereeld moet jy morfien neem:

1. Neem die voorgeskrewe dosis stiptelik elke 4 uur.
2. Neem 'n ekstra halwe dosis (helfte van die 4-uurlikse dosis) tussenin indien nodig. Hierdie dosis kan enige tyd tussen die 4-uurlikse dosisse herhaal word. Hierdie ekstra dosis word 'n deurbraakkosis genoem.
3. Gaan voort om die voorgeskrewe 4-uurlikse dosisse presies op tyd te neem. (06:00, 10:00, 14:00, 18:00, 22:00 en 02:00)
4. Tel aan die einde van die 24-uurperiode al die dosisse wat geneem is bymekaar en verdeel deur 6. Dit sal die nuwe 4-uurlikse dosis wees.
5. Byvoorbeeld, as die 4-uurlikse dosis 10 ml is en 4 ekstra dosisse van 5 ml is geneem, is die totaal na 24 uur 80 ml ($6 \times 10 + 4 \times 5 = 80$). Die nuwe 4-uurlikse dosis is nou 14 ml (80 gedeel deur 6, afgerond tot die naaste heelgetal, is 14 ml). Die deurbraakkosis is nou 7 ml.

Hoe om 'n dosis morfien af te meet:

1. Gooi 'n klein hoeveelheid van die morfienvloeistof in 'n koppie.
2. Trek jou dosis op in 'n spuit (geen naald nie) om die korrekte hoeveelheid af te meet.
3. Drup die vloeistof in die persoon se mond met die spuit.
4. Gooi enige oorblywende vloeistof in die koppie terug in die bottel.
5. Dit is belangrik om nie skielik op te hou om morfien te gebruik nie. Jy moet altyd veranderinge in die dosis met jou gesondheidswerker bespreek.

Newe-effekte:

Morfien kan die volgende newe-effekte veroorsaak.

- Naarheid – dit verdwyn gewoonlik na die eerste paar dae, maar kan onaangenaam wees. Medikasie kan toegedien word om dit te beheer.
- Hardlywigheid - jou gesondheidswerker sal verskillende behandelings kan voorskryf om seker te maak dat jy gereelde opelyf het.
- Droë mond – drink gereeld slukkies water.
- Lomerigheid – dit verdwyn gewoonlik na 'n paar dae, maar indien dit voortduur of vererger, kan die dosis deur jou gesondheidswerker aangepas word.
- Sweet of spiertrekkings – stel jou gesondheidswerker in kennis as jy enige van hierdie newe-effekte ervaar.

Indien die pyn vererger, stel jou gesondheidswerker in kennis sodat die dosis verhoog kan word of addisionele medikasie toegedien kan word.